higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

SANITASIE EN HUISHOUDING N4

(8060104)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
SANITASIE EN HUISHOUDING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dra veiligheidskoene in die kombuis om ... te voorkom.

A snye
B brandwonde
C gly
D ongelukke met gas

1.2 … is die medium waarin die meerderheid chemiese reaksies binne 'n sel plaasvind.

A Suur
B Water
C Chloorgas
D Suurstof

1.3 … word in die neus en op die vel en hande van mense gedra.

A Klostridium botulinum
B Salmonella
C Streptokokkus
D Stafilokokkus aureus

1.4 … kan nie op 'n badkamervloer gebruik word nie.

A Neutrale reinigingsmiddels
B Ontsmetmiddels
C Skuurskoonmaakmiddels
D Politoer

1.5 'n Sweepagtige aanhangsel wat kan beweeg en wat verantwoordelik is vir die beweeglikheid van bakterieë:

A Flagellum
B Sitoplasma
C Kernmateriaal
D Selwand

1.6 … is 'n dwelmmiddel wat van die *cannabis sativa*-plant gemaak word.

A Kokaïen
B Dagga
C Morfien
D Heroïen

Kopiereg voorbehou

1.7 'n Siekte wat deur 'n virus veroorsaak word, is …

A salmonellose.
B griep.
C botulisme.
D anoreksia.

1.8 Die korrekte temperatuur waarteen borde gewas moet word, is …°C.

A 37
B 50
C 70
D 100

1.9 Psichrofiliese organismes groei die beste teen …°C.

A 44 tot 55
B 19 tot 23
C 35 tot 42
D 10 tot 15

1.10 Personeellede van 'n voedseldienseenheid moet elke … maande 'n mediese ondersoek ondergaan.

A 2
B 6
C 12
D 24

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Vrieskastemperature sal bakterieë doodmaak.

2.2 Hoërisikovoedsel is hoog in proteïen en vog.

2.3 Rou eiers kan soms met salmonella besmet wees.

2.4 Patogeniese organismes is skadelik en kan selfs dodelik wees.

2.5 Asyn word as 'n laerisikovoedselproduk beskou.

2.6 'n Brandblusser wat skuim gebruik om 'n brand te blus kan ook op elektriese vure gebruik word.

Kopiereg voorbehou

2.7 'n Ongelukverslagboek word slegs gebruik as 'n ongeluk baie ernstig is.

2.8 Mense met latente TB het geen simptome van TB nie.

2.9 Swak beligting in die kombuis sal veroorsaak dat personeel hul oë ooreis en 'n slegte werksomgewing skep.

2.10 Wanneer jy swaar voorwerpe optel, is dit die beste om jou rug reguit te hou en nie jou bene te buig nie.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Identifiseer die volgende noodtekens:

3.1



3.2



3.3



3.4



3.5



3.6



3.7



3.8



3.9



3.10



(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende tabel deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

MIKROBIOLOGIESE TOETSE VIR OPPERVLAKSINDELIKHEID				
PROSES	**TOERUSTING WAT GEBRUIK WORD**		**METODE**	
Om te dep	4.1.1	(2)	4.1.2	(4)
Afspoeltegnieke	4.1.3	(2)	4.1.4	(2)
Kontakplate	4.1.5	(2)	4.1.6	(3)

(15)

4.2 Water word in die skoonmaakproses gebruik. Bespreek die gebruik van water tydens skoonmaak onder die volgende opskrifte:

4.2.1 Eenvoudige kook

4.2.2 Warm water

4.2.3 Stoom

4.2.4 Stoom onder druk (Stoomsterilisator)

4.2.5 Kouwaterspoeling

(5 × 2) (10)

4.3 Definieer die term *steriliseerder.* (3)

4.4 Dis baie belangrik om vars melk korrek te stoor.

Verduidelik aan een van die nuwe sjefs hoe om dit te doen. (6)

4.5 Bestudeer die volgende foto's. Dis nodig dat 'n voedselhanteerder basiese higiëne toepas om met kos te kan werk. Bespreek elke foto in besonderhede.

4.5.1



(4)

4.5.2



(8)

4.6 As 'n toesighouer is dit belangrik om die verspreiding van aansteeklike siektes en voedselvergiftiging te voorkom.

Hoe kan hy/sy dit doen? (4)

[50]

VRAAG 5

5.1 Die graankalander is 'n voorbeeld van 'n huishoudelike pes wat beheer moet word.

5.1.1 Beskryf hoe hierdie spesifieke insek lyk. (3)

5.1.2 Noem VIER soorte voedsel wat deur hierdie insek besmet kan word. (4)

5.2 Gee VYF algemene reëls om huishoudelike peste te beheer. (5)

5.3 Watter VIER voorsorgmaatreëls moet geneem word wanneer insekdoders en gif gebruik word? (4)

5.4 Noem TWEE redes waarom ongelukke in die voedselbedryf plaasvind? (2)

5.5 Sal dit 'n verskil maak as iemand met TB sy/haar medisyne gereeld gebruik? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

5.6 Om te rook is 'n baie slegte gewoonte en dit kan dodelik wees.

Bespreek TIEN feite aangaande die rookgewoonte en hoe dit die liggaam kan affekteer. (10)

5.7 Bestudeer die volgende foto:



5.7.1 Watter plant is dit? (2)

5.7.2 Wat word van hierdie plant gemaak? (1)

5.7.3 Wat gebeur met die liggaam nadat jy hierdie plant vir die eerste keer gerook het? (5)

Kopiereg voorbehou

5.8 As 'n moeder drink terwyl sy verwag, kan dit veroorsaak dat die baba daardeur geaffekteer word.

Verduidelik DRIE maniere hoe dit kan gebeur. (3)

5.9 Wat is *binêre splitsing*? (3)

5.10 Noem VYF faktore wat die groei van bakterieë sal beïnvloed. (5)
[50]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik hoe voedselvergiftigingsbakterieë deur die volgende oorgedra kan word:

6.1.1 Om te rook

6.1.2 Vadoeke

6.1.3 Messe

(3 × 3) (9)

6.2 Noem DRIE eienskappe van mikro-organismes. (3)

6.3 Jy het 'n nuwe Huishoubestuurder aangestel.

Verduidelik sy/haar pligte en verantwoordelikhede aan hom/haar. (8)

6.4 Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vrae:



Bespreek hoe die huishouspan die bostaande slaapkamer moet skoonmaak voordat die volgende gaste vir hul verblyf inteken. (15)

6.5 Nie enigeen kan 'n huishouer wees nie.

Watter VYF eienskappe moet 'n goeie huishouer hê om suksesvol te wees? (5)

6.6 Bespreek die skoonmaakroetine vir die volgende toerusting en areas:

6.6.1 Diepvetbraaier (4)

6.6.2 Trappe (6)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou